Die Maand Wat Was

April 2013 Sakegesprek
Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Maart 2013



Bron: Credit Suisse



Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en ‘n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Maart 2013 - Die Maand Wat Was

Die eerste kwartaal van 2013 wat pas ten einde geloop het was die beste kwartaal in die VSA in dekades – met beide die Dow Jones en die S&P 500 wat met meer as 10% styg tot nuwe algehele hoogtepunte. Ons het in die Januarie-nuusbrief geskryf dat dit lyk of die debat (oor die wenslikheid) om te roteer uit rente-instrumente na aandele begin posvat. Bogenoemde syfers is ‘n bevestiging dat geld nou begin terugskuif na aandele, ook nou in die VSA.

Die vierde reeks van *Sakegesprek met Theo Vorster* begin op Woensdag 3 April. Die program sal voortaan op ‘n Woensdagaand om 21h30 uitgesaai word met herhalings van die program op Donderdae om 16h00, Vrydae 13h00 en Sondae om 07h00.

Die eerste gas is Dr. Michael Jordaan, uitvoerende hoof van Eerste Nasionale Bank. Ons gesels met Michael oor die uitdaging om in 2004 op die jong ouderdom van 36 jaar aangestel te word as uitvoerende hoof van een van Suid- Afrika se groot banke. Ons gesels ook oor die prestasie van Eerste Nasionale Bank om in 2012 uit meer as 150 inskrywings aangewys te word as die innoverendste bank in die wêreld.

In die tweede program op Woensdag 10 April is my gas Tommie van Zyl van ZZ2. As mens daaraan dink dat die gemiddelde Suid-Afrikaner 8 kilogram tamaties per jaar eet, waarvan meer as 3 kilogram van ZZ2 af kom, kry jy ‘n idee van die grootte van die hierdie besigheid. Die ZZ2 handelsmerk ontstaan reeds in 1906 en ek gesels met Tommie oor die uitdaging om ‘n handelsmerk te bou om ‘n landbou kommoditeit – die tamatie!

Oudergewoonte gaan Riana de Lange, nuusredakteur van Sake24, saam met my die belangrikste sakenuus van die week bespreek en kyk na van die moontlike invloed en gevolge hiervan op die plaaslike ekonomie en beleggingsmarkte.

Die Sakegesprek program is so pas aangewys as een van die 3 finaliste vir die ATKV Mediaveertjies in twee kategorieë – as “ beste nuus- of aktualiteitsprogram” en ook vir die “beste aanbieder of onderhoudvoerder in 'n nuus- of aktualiteitsprogram”.

Saam met die gereelde kommentaar op kykNET se Dagbreek ontbytprogram (Maandae en Donderdae om 06h35) doen ons ook nou ‘n Persoonlike Finansies gleuf op ‘n Dinsdag om 06h35. In hierdie insetsel gaan ons elke week ‘n onderwerp oor welvaartbestuur en/of finansiële beplanning dek. Hierdie insetsels sal ook op die Sakegesprek webbladsy beskikbaar wees van die middel van April af.

Ek het die afgelope week ‘n paar interessante artikels gelees oor kinders en geld, miskien omrede my eie dogter nou op die ouderdom is wat dit belangrik raak om te weet hoe om met geld te werk. Die skrywer Neale Godfrey skryf in verskeie artikels in die Huffington Post dat sy die volgende as krities beskou wanneer dit kom by kinders en geld:

1. Kinders moet vroeg leer hoe om met die geld wat hul kry te werk (sakgeld) en hoe om dit binne ‘n begroting te bestuur. Hierdie dissipline kan nie onderskat word nie. “Ek sien meer mense op die pad na suksesvolle finansiële onafhandlikheid met kleiner salarisse, as ouens met groter salarisse en groot skuld, wat hulle spaargeld vir aftrede op rente uitgee” soos Louis Fourie, voorheen van Citadel, dit stel.

2. Mens moet besef dat jy keuses moet maak tussen wat noodsaaklik is en wat sommer net ‘n lekker luukse is. Kinders moet leer dat hulle nie alles kan kry nie, en moet leer om te besluit waarop hulle geld moet uitgee en wat maar moet wag. Hierdie beperkte middele (jou beskikbare geld) teenoor die onbeperkte behoeftes uitdaging, (as jou geld eindeloos was, sou jy eindelose uitgawes aangegaan het) bepaal of jy rasionele en wyse besluite kan neem oor waar en wanneer om te spandeer.

3. Moenie die koste van dinge van kinders weerhou nie. Hoe gouer kinders ‘n idee kry wat goed kos, hoe gouer gaan hulle kan oordeel wanneer iets te duur is en wanneer iets redelik geprys is. Net so help dit met die keuses tussen duur (bv. 1 baie duur broek) en meer nuttige items (bv. 2 broeke, ‘n hemp en ‘n fliek) vir dieselfde geld.

Na aanleiding van die belangstelling in verlede maand se aanhalings uit die jaarlikse nuusbrief van Warren Buffett aan aandeelhouers, reken ek dat lesers ook die vorige jaar se nuusbrief weer moet lees. Hier is ‘n skakel na ‘n opsomming van wat ek as die kernpunte in die vorige jaar se nuusbrief beskou: http://www.sakegesprek.co.za/artikels/SakegesprekBuffettBrief.pdf

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus ‘n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur ‘n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om ‘n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.
Theo is ‘n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, ‘n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.